ORANIA LANDBOUVERENIGING

Tel: 073 104 9649

Epos: navrae@oranialandbou.co.za

VERSLAG

VAN DIE

ORANIA VOEDSELPRODUSENTE

OPNAME

JUNIE 2021

1 INHOUD

1 INHOUD 2
2 INLEIDING 3
3 SAMESTELLING 4
4 RESULTATE 5
5 KOMMENTAAR 10

2 INLEIDING

Die Orania Landbouvereniging (OLV) beywer homself daartoe om Orania gemeenskapsinstellings, entrepreneurs & individue te ondersteun en te versterk wat direk of indirek ‘n belang het, of daarin wil ontwikkel, in die landbou - & veeteelt waardetting tot by, en insluitend, die eindverbruiker.

Om die OLV se doelstellings holisties saam te vat, sal die kern daarin lê om ‘n gemeenskap te help vestig wat kan roem op voedselsekerheid in sy onmiddelike omgewing.

Die Orania Voedselprodusente opname wat in Junie 2021 afgehandel is, volg op die Orania Voedselverbruikers Opname wat reeds voltooi is in Februarie 2021.

Hierdie opnames, saam met die maandelikse Orania Voedselmandjie, vorm deel van 4 Landbou georiënteerde Opnames wat die fondasie vorm waarop die Landbousektor in Orania ontwikkel kan word. Die 4de Opname sal in die 2de helfde van 2021 aangepak en voltooi word.

Die OLV spreek weereens sy dank uit aan elke Lid en Oraniër wat deelgeneem het om hierdie projek ook suksesvol te kon afhandel.

Gerhard Kotzé

Voorsitter

3 SAMESTELLING

Die eerste stap soos in Vraag 1 aangedui was om die kategorie te bepaal waarin “produsente” val, hetsy Bestaansboerdery, Kommersieël, ‘n kombinasie van beide, of as tydverdryf en stokperdjie. Hierdeur word bepaal hoeveel inwoners tot ‘n klein mate selfonderhoudend is, en hoeveel moontlik verder kan ontwikkel word as kleinskaal kommersiële landbouers wat kan bydra tot voedselsekerheid en beskikbaarheid in die Orania gemeenskap.

Vrae 2 tot 4 dien as goeie rigtingwyser watter verbouing in ons gemeenskap plaasvind, watter geleenthede ontstaan vir entrepreneurs en landbouers, asook in watter projekte die OLV moet belê om ons gemeenskapsprodusente te bemagtig en te ontwikkel.

Vrae 5 tot 9 is ‘n oorsigtelike aanduiding van vaardighede en verwerkings moontlikhede wat in die toekoms ontgin kan word.

Vraag 10 beantwoord die vraag rakende beskikbaarheid van kennis en vaardigheid in die landbousektor in Orania.

Die leser sal opmerk dat Somer- en Wintergrane in hierdie opname afwesig is. Dit is opsetlik uit hierdie Opname gelaat, en is daardie inligting met beduidende akkuraatheid tot die beskikking van die OLV.

4 RESULTATE

** Met ongeveer 700 huishoudings in Orania, is 'n minimum van 88 huishoudings nodig om deel te neem en akkurate data in te win met 'n koëffisiënt van variasie (KV) van 10%. Nege en tagtig huishoudings het deelgeneem aan hierdie opname.*

KV <10	BAIE GOED
KV 10 - 20	GOED
KV 20 – 30	AANVAARBAAR
KV >30	NIE-AANVAARBAAR

VRAAG 1: Kies een van die volgende wat u die beste beskryf?	**% van Respondente**
Ek is 'n Bestaansboer slegs vir eie gebruik	17,50%
Ek is 'n Kleinskaal boer vir eie gebruik & kommersiële doeleindes	30,00%
Ek "boer" in my tuin vir 'n stokperdjie	52,50%
Ek is 'n kommersiële boer	

VRAAG 2: Met watter en hoeveel vee boer u?	% van Respondente					
	1 tot 10 Eenhede	11 tot 25 Eenhede	26 tot 50 Eenhede	51 tot 100 Eenhede	101 en meer Eenhede	GEEN
Vleisbeeste	5,00%		2,50%			92,50%
Melkbeeste	7,50%					92,50%
Skape	12,50%	7,50%	2,50%	2,50%		75,00%
Boerbokke						100,00%
Varke	7,50%					92,50%
Perde	7,50%					92,50%
Ganse/Eende	5,00%					95,00%
Vleishoenders/braaikuikens	10,00%	2,50%	2,50%	2,50%		82,50%
Lêhoenders	22,50%	10,00%	5,00%	2,50%		60,00%
Wild		2,50%				97,50%
Ander	5,00%					95,00%

VRAAG 3: Watter en hoeveel van dié varsprodukte verbou u?	% van Respondente						
	0 tot 10m²	11 tot 100m²	101 tot 1000m²	1001 tot 0,5ha	Tussen 0,5ha en 1ha	Meer as 1 ha	GEEN
Aartappels	32,50%						67,50%
Tamaties	52,50%	2,50%					45,00%

Uie (Enige)	50,00%	2,50%					47,50%
Wortels	45,00%	5,00%					50,00%
Komkommers	30,00%						70,00%
Pampoene (Enige)	45,00%	5,00%					50,00%
Ertjies	35,00%						65,00%
Boontjies (Enige)	42,50%	2,50%					55,00%
Blaarslaai (Enige)	35,00%	2,50%					62,50%
Kool (Enige)	27,50%	2,50%					70,00%
Spinasie	50,00%	7,50%					42,50%
Broccoli	15,00%						85,00%
Beet	45,00%						55,00%
Patats	20,00%	2,50%					77,50%
Knoffel	27,50%	2,50%	2,50%				67,50%
Ander	7,50%	7,50%					87,50%

VRAAG 4: Watter en hoeveel vrugte in u boord(e)?	% van Respondente							
	1 Boom	2 tot 5 Bome	6 tot 10 Bome	11 tot 20 Bome	21 tot 50 Bome	51 tot 100 Bome	101 en meer Bome	GEEN
Neute	12,50%	17,50%		2,50%	5,00%		7,50%	55,00%
Lemoene	20,00%	5,00%	5,00%	2,50%				67,50%
Nartjies	17,50%	7,50%						75,00%
Suurlemoene	37,50%	12,50%						50,00%
Pruime	15,00%	2,50%	2,50%					80,00%
Appelkose	27,50%	7,50%		2,50%				62,50%
Avokado	10,00%							90,00%
Granate	22,50%	20,00%	2,50%					55,00%
Piesang		2,50%						97,50%
Perske	12,50%	15,00%	2,50%	2,50%				67,50%
Appels	15,00%	2,50%						82,50%
Vye	12,50%	22,50%	2,50%					62,50%
Moerbeie	25,00%	7,50%						67,50%
Bloubessies	2,50%	7,50%						90,00%
Pere	5,00%	2,50%						92,50%
Ander	12,50%	7,50%	2,50%	5,00%				72,50%

VRAAG 5: Kan u verwerkte kaas produkte maak?	% van Respondente
Ja	17,50%
Nee	82,50%

VRAAG 6: Kan u verwerkte botter produkte maak?	% van Respondente
Ja	22,50%
Nee	77,50%

VRAAG 7: Kan u verwerkte jogurt produkte maak?	% van Respondente
Ja	25,00%
Nee	75,00%

VRAAG 8: Kan u verwerkte ingelegte vrugte - en/of konfytprodukte maak?	% van Respondente
Ja	72,50%
Nee	27,50%

VRAAG 9: Kan u verwerkte neut produkte maak?	% van Respondente
Ja	15,00%
Nee	85,00%

VRAAG 10: Het u goeie kennis en ervaring van voedsel verbouing en/of veeteelt?	% van Respondente
Ja	47,50%
Nee	52,50%

5 KOMMENTAAR

Wat eerstens indruk maak in die data is dat 17.5% van deelnemers aandui dat hul hulself as Bestaansboere klassifiseer en 30% as Kleinskaal boere vir eie gewin, asook vir kommersiële doeleindes. Hierdie 47.5% strook identies met Vraag 10 rondom deelnemers wat kennis en ervaring het van voedselverbouing en/of veeteelt.

Wat belangrik is vir die OLV is juis hierdie syfer met die doel om die Bestaans- en Kleinskaal boere by te staan en hul deur projekte te bemagtig en verder op te lei om voedsel in en vir die gemeenskap te produseer en te verwerk.

Dit is ook te wagte dat skaap-, hoender/braaikuiken- en lêhoenderboerderye steeds die voortou neem in die vleis industrie. Nietemin is die OLV ook van mening dat daar wesenlike ruimte vir ontwikkeling is vir vark- en melkbees/suiwel industry, veral n.a.v. die uitslae van die Orania Verbruikersopname van Februarie 2021.

Vanuit die varsprodukte verbouing, is die geleenthede teenwoordig, veral in die verwerkingsopset. Die OLV glo steeds dat indien daar ‘n dinamiese verwerkingsaanleg in Orania opgerig word, saam met die nodige opleiding en leiding vir varsprodukte, dat dit klein produsente ook sal mobiliseer om te produseer en hul produkte sal kan lewer aan hierdie aanleg. Dus, sal die klein produsente ‘n afset gebied in hul nabye omgewing hê.

Dit is verder geen verrassing dat neute (Pekan) steeds die voorloper is in die gemeenskap. Hierdie industrie is steeds ‘n bastion van die landbousektor in Orania wat onder benut word en nog tot groot voordeel van die gemeenskap kan strek.

Vrae 5 tot 9 raak oorhoofs aan die beskikbaarheid van vaardighede vir moontlike toekomstige projekte en ondernemings in die verwerking van landbouprodukte.